## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 16 FEBRUARIE 2023 OM 08:30 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/02/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Daniels die vergadering open met gebed.

***

**BKN002/02/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Die Munisipale Bestuurder word verskoon om die Direkteur: Tegniese Dienste te kontak waarna sy meld dat die Direkteur: Tegniese Dienste binnekort sal aansluit by die vergadering.

***

**BKN003/02/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**
***(Die Direkteur: Tegniese Dienste sluit om 08:37 by die vergadering aan)***

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Amptenare ‘n kollektiewe belang by item **BKN015** het.

***

**BKN004/02/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN005/02/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**

Geen

***

**BKN006/02/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/02/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO’S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

***(Die Speaker sluit om 08:40 aan en verklaar dat hy geen persoonlike belang het ingevolge Skedule 7 van die GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE.)***

**BKN008/02/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die toestande van die Bergrivier dorpe 'n bron van kommer is, met spesifieke verwysing na die vuil gebiede, die potgate in die paaie en die dorings wat in openbare ruimtes groei;
- Dat Senior Bestuur meer sigbaar moet wees en na die gebiede in hul direktorate gaan om probleemkwessies aan te spreek;
- Dat gevolgebestuur toegepas moet word ten opsigte van dienslewering in Bergrivier Munisipaliteit;
- Hy bedank die Direkteur: Tegniese Dienste vir die hulpverlening met die groei van die gras by die sportgronde in Aurora;
- Dat beplanning belangrik is vir alle direktorate en dat alle werknemers betrek moet word met beplanning in hul direktorate;
- Dat daar 'n bron van kommer is rakende die toestande van die munisipale-geboue en fasiliteite en die instandhouding daarvan;
- Dat daar 'n bron van kommer is rakende die werknemers wat laat aanmeld vir diens en dat die moontlikheid ondersoek moet word om 'n in-klok stelsel te kry by die munisipale kantore om die kwessie aan te spreek;
- Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op Direksie om die probleemareas aan te spreek in hul direktorate sowel as by die Formele Direksievergaderings en dat daarna terugvoer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gegee moet word via die Staande Komitees;
- Dat die strategiese kwessies vanuit die gemeenskappe nie tans by die Staande Komitees bespreek en aangespreek word nie, maar dat dit wel moet;
- Dat die onderskeie Wyksraadslede- en komitees in samewerking met die geestelike leiers van die area op Sondag 05 Maart 2022 om 15:00 'n geestelike dienste (Biddiens) hou vir die onderskeie gemeenskappe van Bergrivier Munisipaliteit rakende die uitdagings, misdaad, die euwels, werkloosheid asook alle ander probleme wat die onderskeie gemeenskappe ervaar. Hy meld dat die onderskeie plekke waar die geestelike dienste sal plaasvind deur die Wyksraadslede deurgegee sal word aan die gemeenskappe;
- Dat Binnelandse Sake vir die week van Maandag tot Vrydag 20-24 Februarie 2023 die onderskeie Bergrivier dorpe gaan besoek en versoek die Uitvoerende Burgemeester dat die gemeenskappe aangemoedig word om gebruik te maak van die dienste; en
- Dat die Uitvoerende Burgemeester op Woensdag 22 Februarie 2023 'n vergadering het met die Provinsiale Bestuurder van Binnelandse Sake ter motivering van die behoefte van 'n Binnelandse Sake kantoor in die Bergrivier area.

Raadsheer De Vries doen die volgende mededeling:

- Dat daar samewerking moet wees tussen die Raad en Administrasie met die uitvoering en toepassing van besluite ten einde regstellende aksies in plek te stel.

Raadslid Moolman doen die volgende mededeling:

- Dat daar steeds geen terugvoer is rakende die klagte van die "compound" in Velddrif en dat dit problematies is dat daar nie terugvoer gegee word aan die Raadslede rakende klagtes wat deur hul aangemeld is nie.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy beklemtoon dat samewerking aangemoedig word tussen die Raad en Administrasie; en
- Dat alle strategiese kwessies wat uitgelig word in die onderskeie Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings aangespreek word by die Formele Direksievergadering en dat terugvoer daarna gegee word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Dat die Portefeulje Voorsitters beheer vat oor die die onderskeie Staande Komitee se agendas om te verseker dat alle kwessies wat aangemeld word, aangespreek word op die onderskeie platforms;
- Dat die Raadslede en Administrasie hard moet poog om die strategiese kwessies effektief te identifiseer en aan te spreek;
- Dat die Speaker se kantoor in samewerking met die Interne Oudit afdeling in proses is om 'n werkswinkel te reël vir Raadslede en amptenare wat gevolgebestuur aanspreek. Hy meld dat die datum gekommunikeer sal word met die relevante rolspelers;
- Dat die Speaker se kantoor in samewerking met die Strategiese afdeling 'n beplanningsessie sal hê rakende 'n wykskomitee "Indaba" om die uitdagings en verwagtinge van die gemeenskap te bespreek; en
- Dat die impak wat Senior Bestuur by wykskomitees het, ontbreek.

***

**BKN009/02/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/02/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/02/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INDIENSNEMINGSBELEID</u>**
**9/1/2**
***(Die beleid word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Korporatiewe Dienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Woensdag 08 Maart 2023, vir bespreking.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN012/02/2023**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BURSARY AND STUDY ASSISTANCE POLICY</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RESOLVED</u>**

That the following be added as paragraph 7.8 to the Bursary and Study Assistance Policy:

***7.8*** *For external bursaries (own funds) the Municipality may receive ad hoc applications after the closing date and such applications may be considered by the Executive Mayor on merit and subject to the availability of funds on the approved budget.*

***MANAGER: HUMAN RESOURCE***

***

**BKN013/02/2023**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SALE BELEID</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Woensdag 08 Maart 2023, vir bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN014/02/2023**
**<u>VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BLACKOUT PLAN</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae D)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 07 Maart 2023, vir bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN015/02/2023**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SELFOON-EN-DATA BELEID (MOBIELE KOMMUNIKASIE DIENSTE BELEID)**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae F)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Korporatiewe Dienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Woensdag 08 Maart 2023, vir bespreking.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN016/02/2023**
**REDELINGHUYS WATERBRON: VERDELING VAN REDELINGHUYS WATER**
**16/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die aanbring van die nuwe struktuur sal aanvaar soos per verslag; en

2. Dat die kostes van die verdeelkas deur die eienaar van Jansdrif gedra sal word.

***

**BKN017/02/2023**
**HERSTEL VAN NETBAL- EN TENNISBANE (COMBI-COURTS) TE EENDEKUIL, PORTERVILLE EN VELDDRIF: OMVANG VAN WERK VS. BEGROTING**
**15/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur: Tegniese Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die huidige toerusting by die Netbal- en Tennisbane in Porterville wat nuut is en dat die moontlikheid ondersoek moet word om aansoek te doen na die Minister van Kultuursake en Sport vir addisionele fondse.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die onderstaande opsie aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad:

**Opsie 2A – Geen werk aan die ou baan te Velddrif nie, maar die volle omvang van die ander**

| Omvang | Verdeelde kostes | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Eendekuil | Porterville | Velddrif (nuut) | Velddrif (oud) |
| Noodsaaklik (herstelwerk, rotasie, vergroting van bane) | R 1 032 695 | R 920 855 | R 1 055 710 | R - |
| Nie-noodsaaklik (plaveisel en kleurvariasie) | R 228 870 | R 145 270 | R 147 670 | R - |
| Nie-noodsaaklik (Verskaf van toerusting (nette, doelpale, ens.)) | R 81 800 | R 81 800 | R 60 900 | R - |
| **Subtotaal 1** | **R 1 343 365** | **R 1 147 925** | **R 1 264 280** | **R -** |
| P&G proporsioneel verdeel* | R 232 505 | R 198 679 | R 218 817 | R - |
| **Subtotaal 2** | **R 1 575 870** | **R 1 346 604** | **R 1 483 097** | **R -** |
| 10% onvoorsiene | R 157 587 | R 134 660 | R 148 310 | R - |
| **Subtotaal 3** | **R 1 733 457** | **R 1 481 264** | **R 1 631 407** | **R -** |
| 15% BTW | R 260 019 | R 222 190 | R 244 711 | R - |
| **Totaal (BTW ingesluit)** | **R 1 993 476** | **R 1 703 454** | **R 1 876 118** | **R -** |
| **Groottotaal (BTW ingesluit)** | **R 5 573 048** | | | |

**P&G totaal pro-rata afgeskaal na R 650 000*

***

**BKN018/02/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 07 FEBRUARIE 2023**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae F)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, gee kortliks terugvoer met spesifieke verwysing na die elektriese netwerk, Tegniese Dienste se bedryfs- en kapitaalspandering, die aanspreek van die water- en elektriese verliese, die afval-probleem asook die aanpassings by die waterbeperkings.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN019/02/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 07 FEBRUARIE 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN020/02/2023**
**VERSOEK OM GEDEELTE VAN MUNISIPALE GROND TE HUUR: GEDEELTE H VAN RESTANT ERF 1002, PORTERVILLE (MEENT)**
**7/2/3/2; PTV.1002**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die grondversoek vir Gedeelte H soos aangeheg op Bylae A nie toegestaan word omrede ‘n Professionele Landmeter reeds aangestel is deur Bergrivier Munisipaliteit om die onderverdeling van die eiendom op te meet/bakens te plaas en te registreer by die Landmeter Generaal en in proses is om die nuutgeskepte eiendomme te registreer in die aktekantoor ten einde uitvoering te gee aan Bergrivier Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk 2019-2024 wat die grond oormerk vir nywerheidsdoeleindes;

2. Dat Landboukundige verwerking van die grond as saailande aanleiding kan gee dat erf bakens herplaas moet word in die toekoms;

3. Dat die eiendomme na registrasie in die aktekantoor gesoneer sal wees Nywerheidsone 1 met primêre gebruik vir nywerhede en landbou daarop teenstrydig sal wees met die sonering van die nuutgeskepte eiendomme.

***

**BKN021/02/2023**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ERF 2611 PIKETBERG**
**7/2/3/1; PB2611**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Hierdie besluit vervang Raadsbesluit no. RVN040/06/2022 van 28 Junie 2022;
2. Dat Erf 2611, Piketberg nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie.
3. Dat die tender geadverteer word vir 30dae teen markverwante waardasie R70 000.00 + waardasie koste R 2300.00 + Adverteringskoste R 4280.00 = R76 580.00 (BTW ingesluit);
4. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
5. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir die eiendom se aansluiting by Munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;
6. Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne aan die suksesvolle tenderaar;
7. Dat die eiendom slegs bemark word aan enkel persone en getroude persone wat eerste eiendom kopers is asook Suid-Afrikaanse Burgers; en
8. Dat tenderaars ‘n eedverklaring by die SAPD aflê as bewys dat die voornemende koper(s) nie voorheen eiendom besit het nie.

***

**BKN022/02/2023**
**LONG TERM LEASE AGREEMENTS: BOKKOMLAAN VISHUISE ON ERF 486, VELDDRIF**
**7/1/3/2; V486**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die aaneenlopende hernuwing van die ooreenkoms, dat ‘n korter termyn (Junie 2025) oorweeg moet word met die verlenging van die huidige kontrak, dat geen onderverhuring toegelaat word nie en dat dit sodoende gemonitor sal word.

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester rakende die moontlikheid om 'n publieke toilet by Bokkomlaan vishuise te bou asook die finansiële implikasie daarvan te kry, gee die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur breedvoerig terugvoer en meld hy dat daar na alternatiewe opsies gekyk moet word.

**RESOLVED**

1. That the objections received be considered by Council;

2. That the long-term lease agreements for the vishuise, excluding that of Vishuis 11, in Bokkomlaan be concluded in accordance with Council's resolution (RVN042/03/2022) of 29 March 2022; and
3. That the item and the concept contract with the amendments as discussed, be submitted to the next Executive Mayoral Committee and Council meeting as scheduled for Tuesday 28 February 2023.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

*******

**BKN023/02/2023**
**EXPANSION OF PIKETBERG, PORTERVILLE AND VELDDRIF INDUSTRIAL AREAS**
**FARM 241 PB, PTV.1002 & V.487 & 109**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die voorwaardes/bepalings vir die oop mark en die onbedoelde gevolge van die ontwikkeling van Velddrif se nywerheidsgebied.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council provides strategic direction pertaining the expansion of Piketberg, Porterville and Velddrif industrial areas by giving permission for marketing land earmarked in the Bergrivier Municipal Spatial Development Framework: 2019-2024 (Bergrivier MSDF) for industrial expansion (portion of Farm Groote Fontein No. 241 Division Piketberg, portion of Erf 1002 Porterville as well as Erven 487 and 1093 Velddrif) in its totality by means of tender, based on valuation of the land in its current state, to land developers.
2. That a report be submitted to Council providing details of the process to be followed with each of the industrial expansions taking into consideration the Municipal Finance Management Act, 2003 (No. 56 of 2003) (MFMA), Supply Chain Management (SCM) Regulations as well as Preferential Procurement Policy Framework Act, 2000 (No. 5 of 2000) policy.

*******

***(Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur, die Stadsbeplanners: Wes en Oos verlaat die vergadering om 10:35)***

**BKN024/02/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 08 FEBRUARIE 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN025/02/2023**
**AMENDMENT OF THE 2022/23 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)**
**5/1/B**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word van bogenoemde Agenda en voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad soos geskeduleer vir Dinsdag 28 Februarie 2022.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN026/02/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2023**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en meld dat die moontlikheid ondersoek word deur die Bestuurder: Bergrivier Toerisme Organisasie om die Poskantoor-gebou in Velddrif te gebruik as Toerismekantoor.

Die Uitvoerende Burgemeesters meld dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die moontlikheid ondersoek dat Bergrivier Munisipaliteit die gebou huur ten einde die posbusse te gebruik word vir aflewering van pos, asook om die Toerismekantoor en Wyksraadslid te akkommodeer en die tekort aan kantoorspasie in Velddrif aan te spreek.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste meld dat die “Small-Town Regeneration” Loodskomiteevergadering op Dinsdag 21 Februarie 2023 sal plaasvind en dat intense gesprekvoering met die Provinsiale kantoor plaasvind rakende die afvaardiging van senior personeel vir bogenoemde vergadering.

Voorts meld sy dat die Uitvoerende Burgemeester met die Provinsiale Bestuurder van Binnelandse Sake die moontlikheid bespreek rakende kantoorruimte vir “South African Social Security Agency” (SASSA).

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN027/02/2023**
**MONTHLY BUDGET STATEMENTS: NOVEMBER 2022 AND DECEMBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**NOTED**

***

**BKN028/02/2023**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: NOVEMBER AND DECEMBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Council take note of the November and December 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN029/02/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 08 FEBRUARIE 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN030/02/2023**
**MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT (MIG): MIG CONDITIONS AS PER THE MIG POLICY, MIG GUIDELINES, MIG FRAMEWORK, THE DIVISION OF REVENUE ACT (DORA), AND CIRCULARS OF NATIONAL TREASURY**
**5/9/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur: Tegniese Dienste.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council takes note of the main purpose of the MIG Grant, the strict conditions that have to be adhered to, regulation and monitoring as well as the sanctions that may be laid down in situations of non-compliance by municipalities;
2. That Council takes note of the background on the timelines that have to be met as well as resolutions and information required for the implementation of the MIG Grant; and
3. That MIG capital projects be prioritised and finalised timeously to enable PMU to register and execute the MIG programme within the set timelines to prevent possible sanctions.

***

**BKN031/02/2023**
**TEGNIESE DIENSTE: ARTIKEL 71 VERSLAG (BEDRYFS- EN KAPITAALSPANDERING)**
**5/1/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die groot onsekerheid ten opsigte van die administrasie, implementering en bestuur van die behuisingsproses van die Tegniese Dienste Komitee.

**DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE**

***

**BKN032/02/2023**
**GEBRUIK VAN KONSULTANTE ASOOK 'N TIPIESE VOORSTELLING VAN 'N KONSTRUKSIEPROJEK-TYDLYN**
**15/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

**DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE**

***

**BKN033/02/2023**
**<u>INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat hy 'n verslag aan die Komitee gaan stuur wat die onderskeid tussen die gedeelte wat die huidige skuld en ou skuld voorstel by die betalingskoers aandui.

Voorts meld hy dat hy ook 'n volledige verslag sal voorlê by die Finansiële Dienste Komitee met die bevindinge bevat vanaf "Ducharme Consulting" met spesifieke verwysing na die regstellings wat geverifieer en aangepas moet word op die stelsel om te verseker dat alle heffings korrek gedoen word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die leemtes in die stelsel.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag en die opgedateerde aksieplan asook gewysigde teikendatums.

**DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE**

***

**BKN034/11/2023**
**<u>EQUITABLE SHARE ALLOCATION TO BERGRIVIER MUNICIPALITY AND RELATED EXPENDITURE FOR 2022/23</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item kortliks in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the report and the letter from CoGTA with regards to the equitable share allocation.

**DIRECTOR FINANCIAL SERVICES**

***

**BKN035/02/2023**
**<u>NOTULES VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 06 SEPTEMBER 2022, DINSDAG 04 OKTOBER 2022, DINSDAG 01 NOVEMBER 2022 EN DINSDAG 06 DESEMBER 2022</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 06 September 2022, Dinsdag 04 Oktober 2022, Dinsdag 01 November 2022 en Dinsdag 06 Desember 2022, soos voorgelê.

***

**BKN036/02/2023**
**NOTULES VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 06 SEPTEMBER 2022, DINSDAG 04 OKTOBER 2022, DINSDAG 01 NOVEMBER 2022 EN DINSDAG 06 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Tegniese Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 06 September 2022, Dinsdag 04 Oktober 2022, Dinsdag 01 November 2022 en Dinsdag 06 Desember 2022, soos voorgelê.

***

**BKN037/02/2023**
**NOTULES VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 07 SEPTEMBER 2022, WOENSDAG 05 OKTOBER 2022, WOENSDAG 02 NOVEMBER 2022 EN WOENSDAG 07 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 07 September 2022, Woensdag 05 Oktober 2022, Woensdag 02 November 2022 en Woensdag 07 Desember 2022, soos voorgelê.

***

**BKN038/02/2023**
**NOTULES VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 07 SEPTEMBER 2022, WOENSDAG 05 OKTOBER 2022, WOENSDAG 02 NOVEMBER 2022 EN WOENSDAG 07 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Finansiële Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 07 September 2022, Woensdag 05 Oktober 2022, Woensdag 02 November 2022 en Woensdag 07 Desember 2022, soos voorgelê.

***

**BKN039/02/2023**
**NOTULES VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 08 SEPTEMBER 2022, DONDERDAG 06 OKTOBER 2022, DONDERDAG 03 NOVEMBER 2022 EN DONDERDAG 08 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee se vergaderings wat gehou is op Donderdag 08 September 2022, Donderdag 06 Oktober 2022, Donderdag 03 November 2022 en Donderdag 08 Desember 2022, soos voorgelê.

***

**BKN040/02/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN041/02/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN042/02/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**
**5/15/2**

Geen

***

**BKN043/02/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN044/02/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN045/02/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ____________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |
| ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | |

***